

**13 November**

**Skrifgedeelte: Romeine 1:18-23**

**Fokusgedeelte: Romeine 1:18**

### **“God” in Romeine 1:18**

Romeine 1:16-17 sê dat geloof in Jesus Christus ons regverdig voor God stel, terwyl Romeine 1:18 waarsku dat God se toorn oor diegene kom wat hierdie geloof nie het nie. God laat kom sy toorn oor sommige mense. Hulle word heeltemal van sy liefde en genade afgesny. God gee hulle oor aan die drange van hulle hart en die dinge wat hulle oor hulle bring.

Romeine 1:18-23 toon dat die liefde van God oneindig groot is. Sy waarheid is kennis van Hom wat kan red. Dit is evangelie (kyk Kol 1:5), dit is die blye boodskap. God gee hierdie kennis van Hom aan alle mense oor alle eeue (Rom 1:19-20). Hierdie kennis is genoeg sodat hulle Hom as God kan eer en dank (Rom 1:21).

Het jy al nagedink oor die grootheid van God se liefde? Die eerste mense het hulle rug op God gekeer. Hierdie sonde het tot alle mense deurgedring, maar God keer nie sy rug op die wêreld nie. Hy maak Hom steeds bekend sodat hulle na Hom kan terugkom. Uiteindelik toon Hy in Jesus Christus hoe lief Hy die wêreld het deur sy eie Seun te stuur (Joh 3:16). Christus ontbeer alle genade van God sodat mense wat in Hom glo weer met God versoen kan raak.

Merk jy nog hierdie bekendmaking van God aan alle mense op? Ook aan jou persoonlik? So praat God met elke individuele mens, ook die een wat jy as 'n ongelowige sou beskou. God praat met ons almal deur die skepping, versorging en regering van alles (NGB, Art 2), deur wetenskaplike ontdekkings in die kleinste én in die onmeetlike dinge. Die God van Romeine 1:18 is die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 148:1,5 Prof MA Kruger (Emeritus)*